(iv) die wysiging van 'n tydtafel;

(v) die wysiging van tariewe;

(vi) die oordrag van 'n bedryfslisensie of permit;

(vii) die verandering van die naam van die betrokke onderneming;

(viii) 'n bykomende voertuig met bestaande magtiging; of

(ix) die omskakeling van 'n permit in 'n bedryfslisensie (omskakeling van radius/gebied-gebaseerde permit na roetespesifieke bedryfslisensie in die geval van 'n minibus taxitipe of geskeduleerde diens);

asook in die geval van 'n aansoek in (ii) tot (ix) bedoel—

(x) die nommer van die betrokke bedryfslisensie of permit;

(d) die getal en tipe voertuig of voertuie, met inbegrip van die passasierdravermoë van die voertuig of voertuie wat by die aansoek betrokke is;

(e) die aard van die openbare vervoer of voorgenome openbare vervoer; en,

(f) die punte waartussen, die roete of roetes waaroor, of die gebied of geiede waarbinne die openbare vervoer of voorgestelde openbare vervoer onderneem word of staan te word,

waar enige van (a) tot (f) hierbo van toepassing is, word ingevolge artikel 59 van die Wet op Nasionale Landvervoer, 2009 (Wet No. 5 van 2009), hieronder gepubliseer.

Ingevolge regulasie 17 (4) van die Nasionale Landvervoerregulasies, 2009, moet skriftelike vertoë ter ondersteuning of bestryding van hierdie aansoeke, binne 21 (een-en-twintig) dae vanaf die datum van hierdie publikasie, in viervoud, óf per hand ingedien word by, óf per geregistreerde pos gestuur word aan, die betrokke Provinsiale Reguleringsentiteit/Bedryfslisensieraad of die Nasionale Openbare Vervoerreguleerder en in enkelvoud óf per hand ingedien word óf per geregistreerde pos gestuur word aan die aansoeker by sy gepubliseerde adres [kyk (b) hierbo].